VAN ONS SUSTERS

Die bestuur van die Susters het die afgelope week vergader om die moontlikheid van ’n verkoping te bespreek.
Die datum sal DV 30 Oktober wees. Ter wille van die Covid-beperkings sal daar aanpassings in die formaat gemaak word.
In beginsel is daar besluit op die volgende stalletjies: Kerrie & Rys, pannekoek, poeding, wit olifant, gebak, koeldrank en koffie- en teetuin. Die wyksusters sal lidmate kontak in verband met ’n bydrae vir bogenoemde tafels of kontant of hulp in watter vorm ook al. Meer besonderhede sal in ’n volgende *“Op die Kerkwerf”* verskyn.
Ons maak staat op die hartlike samewerking en ondersteuning van ***elke lidmaat.*** ***Nelly, nms Susters***

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares ’n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

6 Sept **Jane Coetsee**. Wyk 8
Schalk Engelbrecht. Wyk 6
7 Sept **Suzie Marais**. Wyk 7

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb ’n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom.

Ons gemeenteblad “Op die Kerkwerf” verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 33 Sondag 5 September 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling wyk 13 **Pieter Glöy** en wyk 14 **Chris van Ryssen.**
Diaken: Wyke 13 **Quintin Venter** en 14 **Benjamin Boersema**

EREDIENSTE Albei dienste waargeneem deur prof Callie Coetzee

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddienste om 9:30: Eredienste ook per whatsapp

OGGEND:
Woordbediening: Jesaja 42
Sing: Psalm 48:1, 4; Psalm 38: 1, 8; Psalm 96: 5, 6;
Skrifberyming 34: 1, 3 (Tema 2 - 2).

AAND:1800
Woordbediening: Matteus 4; Efesiërs 6; HK Sondag 52.
Sing: Psalm 138: 1, 3; Psalm 103:6, 7;
Skrifberyming 28(b) (Tema 10 - 2)

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Deputate Jeugsorg*** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas*

Vergadering van ouderlinge met diakens
Ouderlinge en diakens moet asb ’n aantekening maak van die vergadering van ouderlinge met diakens Sondagaand 12 September ná die aanderediens.

U word vriendelik versoek om vir die volle duur van die eredienste u masker te dra en om deurentyd gesonde afstand te handhaaf.

LIEF EN LEED

Ons doen voorbidding vir **Koos Nortjé** wat DV

Woensdag 'n operasie aan sy skouer sal ondergaan. Dit sal wees om spiere wat losgeskeur het weer te heg. **Susan** het verlede Vrydag 'n urologiese ondersoek in Klerksdorp ondergaan en sy moet DV op 28 Oktober 'n ondersoek onder narkose ondergaan. Mag ons Vader u in sy ontferming hou en die behandeling wat Hy beskik, ryklik seën.

Magda Pelser-Van der Merwe het Dinsdag 'n ondersoek aan haar oog ondergaan. Dit blyk dat ingrypende chirurgie sal moet plaasvind. Die oogkundige konsulteer eers met kollegas voordat 'n finale besluit daaroor geneem sal word. Ons verseker Magda en Theo van ons voorbidding vir hulle.

Magriet du Plessis het 'n prosedure aan haar nek ondergaan maar is reeds tuis.

Naomi Fraser sterk tuis aan na die baie delikate oogoperasie wat sy Maandag ondergaan het. Ons is baie dankbaar dat dit goed afgeloop het en bid dat die herstelproses ook geseënd sal verloop.

Ons is baie dankbaar dat dit met **DJ Stoop** beter gaan nadat hy positief getoets het vir Covid-19. Alhoewel hy nog las het van moegheid, is sy isolasietyd verby en kan hy Maandag terugkeer skool toe. Ons is ook saam met Danie, Marlise, Coetzer en Geert dankbaar dat hulle nog goeie gesondheid mag geniet.

Ons hartlike gelukwensing aan **Amanda du Plessis** en haar moeder, **Lily Pretorius**. Daar is Donderdag 'n kleinseun vir Amanda en agterkleinseun vir Lily in Pretoria gebore. Ons dank ons hemelse Vader vir sy Verbondseën van geslag tot geslag. Ons bid Amanda se dogter en skoonseun ook sy ryke Verbondsgenade toe.

VAN ONS KERKRAAD

BYBELSTUDIES

Di	07/09	15:00	Huis Eikelaan	Groot saal o.l.v. prof Callie
Wo	08/09	18:30	Jeugkamer	Daniël 8
Do	09/09	09:30	Kerkkantoor	Handelinge 8

Katkisasie

			Vandag 5 September	**Sondag 12 September**
Lesrooster:			Les 16 en Sondag 16	Les 17 en Sondag 17
Psalmvers:			Psalm 25: 2	Psalm 27: 1A
Katkisasie toesig:			Ouderling wyk 13: Gr 3 & 4 Ouderling wyk 14: Gr 5 & 6	Ouderling wyk 15: Graad 7 Ouderling wyk 16:Graad 11
Wo	8/09	14:30	2021 Belydenisklas	HK Sondag 20
		15:30	Graad 8, 9 katkisasie	Les 13

Die spesiale kollektes in September 2021 gaan vir:

Sondag	5 September	Deputate Jeugsorg
Sondag	12 September	Bystandsfonds vir Diakonieë (SDDS)
Sondag	19 September	Uitdra Evangelie
Sondag	26 September	Emeritaatsversorging

Die Kerkblad

Ondersteun Die Kerkblad asseblief. Lidmate wat graag wil inteken op Die Kerkblad, kan met Prof Callie of ouderling Piet Aartsma skakel. Die voortbestaan van ons blad is afhanklik van soveel intekenare as moontlik. Intekengelde is R323 per jaar vir die harde-kopie en R135 vir die elektroniese kopie (11 uitgawes) Die jongste uitgawe van Die Kerkblad is in die saal beskikbaar en kan deur die intekenare afgehaal word..

Beskikbaar vanaf middel September 2021. Pryse wissel vanaf R 109 tot R 499. Vir meer besonderhede of bestellings en pre-orders stuur e-pos na sales@biblesociety.co.za